## VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Hartlik geluk aan die lidmate wat DV gedurende hierdie week hulle verjaardae vier! Saam met u dank ons die Here vir sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot eer van sy Naam!

| | | |
|---|---|---|
| Di | 05/08 | **Doane Vorster,** Wyk 6 |
| Vr | 08/08 | **Mia Huisman.** Wyk 2 |
| Sa | 09/08 | **Marthie van der Berg,** Wyk 8 |
| | | **Hanró van Dyk,** Wyk 9 |

**Bede met meelewing:** Psalm 20:1,2.

## DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan. **Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb 'n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

**Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**

Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom.**

Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom** Potchefstroom.

**Die gemeente-aand en hamburgerbraai word met 'n week vervroeg na 22 Augustus 2025**

## *HAMBURGERBRAAI*



**Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai**


**VRYDAGAAND**

**22Augustus 2025**



Ons kuier gesellig saam vanaf 16:30 by die saal.
Vir 'n bestelling bel Pieter by die kerkkantoor
☏ 018 294 4600 of ☏ 082 923 1384

**R 35 Hamburgers. Worsbroodjies R 35 Pannekoek R 5**



# Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 41, nr 25 Sondag 3 Augustus 2020
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 082 864 4422
rudynell@telkomsa.net

**Eredienste**: 09:30 en 17:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
**Kantoor 018 294 4600** **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
**Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za
**Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384** **E-posadres:** kantoor@gkpotchefstroom.co.za

**Diensbeurte by eredienste en kategese:**
**Ouderlinge:** Wyk 1 **Koos Nortjé, wyk 2 Klaas Wyma**
**Diaken:** Wyk 1en 2 **Zurich Terblanche**
**Skinkbeurt:** Wyke 3e 4 **Dina Coetsee** en **Frieda van der Walt**

## EREDIENSTE Oggend prof Callie Coetzee aand ds. Jannes van Dyk

***Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers***

**Oggenddiens om 9:30 en middagdiens om 17:00**

**Eredienste ook per whatsapp.**

---

**OGGENDDIENS** Prof. Callie neem vanoggend sy maandelikse preekbeurt in die gemeente waar. Ons is die Here innig dankbaar vir die mooi gawes en die krag en toewyding wat Hy aan prof. Callie skenk en waarmee ons as gemeente ryklik geseën word.

**Voorafsang**: Skrifberyming 15: 1, 2
**Woordbediening:** 2 Tessalonisense 2
**Sing:** Psalm 89: 1, 9; Psalm 119: 32; Psalm 72: 4; Skrifberyming 15-7: 4, 5, 6
**Sing met meelewing:** Psalm 20: 1, 2.

---

**MIDDAG erediens om 17:00: Woordbediening:** Jesaja 55.
**Fokusvers:** Jesaja 55: 8.
**Belydenis:** Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 3&4, paragraaf 13.
**TEMA:** ***Uitverkore kind, moet nie probeer verstaan hoe God werk nie; vertrou die Woord van jou Vader.***
**Sing:** Psalm 139:1, 2, 3; Psalm 40:2, 3; Psalm 119:39, 47;
Skrifberyming 2-5: 1, 2, 3(35) (melodie Psalm 147);
Skrifberyming 19-1 (47) (na die Wegstuurseën). .

---

**KOLLEKTES VANOGGEND: Diens van Barmhartigheid** in die **BLOU** sakkies en in die **ROOI** sakkies vir ***Emeritaatsversorging*** (Volgende week – Emeritaatsversorging)

**VANMIDDAG**: **Diens van Barmhartigheid** (BLOU) en **Kerkkas** (ROOI).

## LIEF EN LEED *OOG VIR MEKAAR*

### VOORBIDDING

Ons doen graag voorbidding vir die volgende broers en susters en hulle geliefdes. Mag ons hemelse Vader u in sy liefde en trou vashou, dra en ook vir u uitkoms gee:

**Eric Reynecke** het onlangs 'n hele aantal toetse ondergaan. Hy sal nou chronies aanvullings moet gebruik vir die behandeling van lae ystervlakke. Ons verseker hom en Johané van ons voorbidding vir hulle.

**Japie van Jaarsveld** het die afgelope week (Maandag) weer 'n afspraak in die Klerksdorp Hospitaal nagekom en het Donderdag 'n operasie ondergaan. Ons verseker Japie en Christa van ons voorbidding vir hulle en ons bede is verder dat Japie onder die seënende hand van ons hemelse Vader beterskap en lewenskwaliteit mag ontvang.

**Gert Van der Walt** is in die intensiewe sorg van Mediclinic. Ons dink aan hom en Willie, hulle kinders en kleinkinders. Mag ons troue Verbondsgod weer beterskap gee.

**Suzette van Blerk** is steeds in Mooimed en ons is die Here innig dankbaar vir die beterskap wat sy reeds getoon het. Sy het ook Vrydag 'n prosedure ondergaan om haar voeding te vergemaklik. Ons bede is dat die afloop geseënd sal wees.

**Ria Serfontein** het baie baat gevind by die behandeling in Multicare en ons is dankbaar saam met haar dierbares vir die beterskap.

**Frikkie Venter** ondergaan Maandag 'n rug-operasie in Medikliniek. Ons gebed is dat die operasie geseënd mag wees en dat Frikkie lewenskwaliteit en 'n spoedige herstel mag ontvang.

### MEEGEVOEL

Ons betuig ons innige meegvoel met broers en susters wie se geliefdes in die Here ontslaap het. Ons is saam met u ons Here dankbaar dat ons seker mag weet hulle wat vir die Here geleef het, ook vir Hom gesterf het en of ons lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.

**DANKBAARHEID** Ons deel in die dankbaarheid en vreugde van ons broers en susters en ook in die dankbaarheid van hulle geliefdes vir wie daar deur ons Here se genade uitkoms gekom het.

## ALGEMENE AFKONDIGINGS

### DAGBOEK

| Dag | Datum | Tyd | Aktiwiteit | Vergaderplek |
|---|---|---|---|---|
| Siekebesoek, pastorale besoeke en huisbesoeke volgens afspraak. | | | | |
| So | 03/08 | 08:30 | Hoërskool Katkisasie | Bovertrek |
| | | 11:00 | Laerskool Katkisasie | Bovertrek |
| Ma | 04/08 | 08:30 | GKSA Personeeldienste Direksievergadering | |
| Di | 05/08 | | Agendastukke vir kerkraadsvergadering ingedien | Kerkkantoor |
| Wo | 06/08 | 18:00 | 1 Korintiërs Bybelstudie (Studie 4a) | Konsistorie |
| Do | 07/08 | 10:30 | Troos na Trauma | Kerksaal |
| Di | 12/08 | 15:00 | Bybelstudie: Huis Eikelaan begin | Kapel |
| So | 17/08 | 18:00 | Diakonie vergadering | Konsistorie |
| So | 24/08 | 09:30 | Voorbereiding | Kerkgebou |
| | | 18:00 | Kerkraad- en diakonievergadering | |
| **Vr** | **22/08** | **17:30** | **Gemeente-aand en Hamburgerbraai** | **Kerkterrein** |
| Sa | 30/08 | 15:00 | Orrelkonsert | Kerkgebou |
| So | 31/08 | 09:30 | **Nagmaal** en gemeente-ete | Kerterrein |

| **Katkisasie** | **Sondag 3 Augustus** | **Sondag 10 Augustus** |
|---|---|---|
| **Hoërskoolkatkisasie** | Les 15 | Les 16 |
| **Lesrooster:** | Les 15 | Les 15 |
| **Psalmvers:** | Psalm 46: 1 | Psalm 46: 1 |
| **Heidelbergse Kategismus:** | Sondag 15 | Sondag 16 |
| **Memoriseerwerk:** | Twaalf Artikels | Twaalf Artikels |

## VOORSPOEDIGE REIS / WELKOM TERUG

Van ons broers en susters gaan vir korter of langer periodes met reis of met vakansie – ook na die buiteland. Mag ons hemelse Vader u voet op die reispad behoed en u beskerm en veilig na ons terug bring.

---

## BYBELSTUDIE

- Woensdagaand 6 Augustus om 18:00 in die konsistorie (eerste deel van studie 4 van 1 Korintiërs uit *Voëlvlug deur die Boeke van die Nuwe Testament* van prof. GJC Jordaan).
- Donderdagoggend 7 Augustus om 10:30 in die kerksaal: ***Troos na Trauma.***

---

## AGENDA VAN VERGADERING VAN OUDERLINGE MET DIAKENS

Alle kommissieverslae en ander agendapunte vir die vergadering van die ouderlinge met die diakens wat op 24 Augustus na die erediens om 17:00 plaasvind, moet asb. Dinsdag 5 Augustus by die kerkkantoor ingedien word sodat die agendas gedupliseer kan word en op Sondag 10 Augustus uitgedeel kan word.

---

## HUWELIKSHERDENKINGS

Ons deel in die vreugde en dankbaarheid van ons broers en susters wat in die komende week hulle huweliksherdenkings vier. Mag ons Here u steeds met sy genade vervul en gee dat u in alle godsaligheid en liefde saam verbind lank en heilig mag lewe (huweliksformulier)!

## KARWAGTE

*Lidmate word opgeroep om by te dra vir die karwagte (Jafta).*

*Dit kan afgedra word in die houtbussies by die deure.*

---

## WAT VAN 'N KOPPIE TEE OF KOFFIE VIR DIE GESELLIGHEID?



Die Susters van wyke 3 en 4 nooi almal uit om na die erediens 'n koppie tee of koffie in die kerksaal te kom geniet



bybelgenootskap van suid-afrika
bible society of south africa
maatskappy sonder winsoogmerk
non-profit company
maatskappy registrasieno / company registration no 2008/007505/08

Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika
Groete namens die Bybelgenootskap van Suid-Afrika!

Tydens ons Algemene Jaarvergadering in Maart vanjaar is daar gerapporteer dat die Bybelgenootskap 'n hersiening van die Afrikaanse 1933/1953-vertaling onderneem het, en dat hierdie projek in Desember 2024 voltooi is. Die hoofrede vir hierdie onderneming is om taalkundige verbeteringe te implementeer en die integriteit van die teks, soos dit deur ons kerke aanvaar is, te beskerm.

Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika bly toegewyd daaraan om in die behoeftes te voorsien van diegene wat die 1933/1953-vertaling verkies.

Die onlangse hersiening van hierdie teks fokus uitsluitlik op taalkundige verbeteringe en aanpassings aan spelling in ooreenstemming met die jongste spelreëls. Die oorspronklike vertaalopdrag, sowel as die teologiese integriteit van die teks, het volledig behoue gebly. Die Bybelgenootskap behou steeds die kopiereg op die hersiening om te verseker dat die integriteit van die teks beskerm word. (Meer besonderhede in kantoor beskikbaar)

In diens van die Woord
**DS RP VAN WYK**
**UITVOERENDE HOOF**

## DIAKONIE SE KOSKAS




**Vir die diakonie se koskas; koop 'n ekstra item en bring dit kerksaal toe, voor of na die diens:**

Koffie, tee, lang-lewe melk, suiker, blikkies vleis, vis, mielies of bone, grondboonbotter, pasta, rys, beskuit, vars vrugte en groente met 'n lang rakleeftyd (appels, nartjies, lemoene, pere, wortels, uie, beet, kool). Waspoeier, skottelgoedseep, seep, tandepasta, toiletpapier. Kleiner pakkies vir gesinne van 2-4 sal waardeer word.